Tweede Blomtyd

IN HAAR LOOPBAAN EN OP HAAR LIEFDESPAADJIE HET *SANGERES EN TV-AANBIEDER* ***Nedine Blom*** DIE GENADE VAN NOG ’N KANS ONTDEK. ***ILSE SALZWEDEL*** KUIER BY HAAR EN HAAR HUISMENSE. *foto’s LEANA CLUNIES-ROSS*

Dis nie aldag dat ’n onderhoud met ’n voorbladster uitloop op ’n dag lange kuier nie. Maar dis presies wat gebeur het toe ek, notaboek in die hand, by Nedine en Bertie Blom opdaag – en eers ses uur later baie teësinnig groet.

Want hier, by hul nuwe huis in ’n veiligheidskompleks in die ooste van Pretoria, is die rustigheid voelbaar. En dis veel meer as net die omgewing van natuurlike bos en plantegroei – dis eerder voelbaar in die verhouding tussen die huismense.

Die Blomme, soos Nedine telkens na hul gesin verwys, bestaan uit Amor (16), Christiaan (12) en die sewejarige Adriaan.

Amor en Christiaan is nou wel die kinders uit Bertie se eerste huwelik, maar hulle is allesbehalwe Nedine se stiefkinders. Dit kom jy vinnig agter as jy die interaksie in dié jolige huishouding dophou.

Christiaan speel by ’n maatjie, maar dis duidelik dat Amor en Nedine ’n besondere band het. Hulle maak saam kos en korswel gedurig oor en weer. En Amor is baie beskermend teenoor haar kleinboet.

Sy kom wys ’n video op haar selfoon waarin Nedine en die drie jong Blomme kamma ’n episode van *Egoli* opvoer. Dis duidelik al vier het ewe veel pret.

Amor noem Nedine Dina, en luister heel gehoorsaam toe sy ná middagete kamer toe geboender word om te gaan leer vir Maandag se biologie-eksamen.

Nedine is filosofies oor die *rapport* wat sy met kinders het. “God het my klein van postuur gemaak sodat ek by kinders kan uitkom.”

Dit was nie altyd maanskyn en rose om die tweede mevrou Blom te wees nie, erken sy. “Eintlik het ons wittebrood eers verlede jaar begin.”

Nedine en Bertie is deur al die normale aanpassings van ’n nuwe huwelik, en moes boonop drie jong kinders in ag neem.

Sy het daarop aangedring, vertel Nedine, dat Bertie alleentyd saam met Amor en Christiaan deurbring. “As ons vakansie gaan hou, gaan hulle drie byvoorbeeld eers vir drie of vier dae alleen voordat ek en Adriaan by hulle aansluit.”

Op dié manier is die natuurlike wedywering tussen kinders uit ’n eerste huwelik en ’n nuwe vrou in ’n groot mate uitgesorteer. Nedine weet immers self hoe dit voel om ’n stiefkind te wees.

Dit was nie maklik om hul saamgestelde gesin te kombineer nie, maar Nedine is trots daarop dat sy Bertie help bou het aan ’n nuwe verhouding met sy kinders.

“Omdat ek self as ’n stiefkind grootgeword het, het ek gesien hy sukkel om grense te stel. Toe het ons begin om op ’n merietestelsel te werk, en punte en belonings te gee vir goeie gedrag.”

Hulle het baie in mekaar en in die kinders belê, en pluk nou die vrugte. Maar dit was steeds moeilik om twee verskillende ouerskapstyle en “jou kinders en ons kind” te kombineer. (Adriaan is gebore in hul eerste huweliksjaar en het ook sy eie kwota aandag geverg.)

“Ons moes maar baie ferm wees,” onthou Nedine.

Dat Nedine en Bertie steeds dolverlief is, is duidelik. Troetelname vlieg heen en weer en hulle raak graag aan mekaar. Ná byna agt ▸

Produksie Estie van Heerden; Styling Annelize Opperman; Grimering Heidi Gouws. Klere Oorvoubloes van Edgars en uitklokromp van Hip Hop

◄ jaar se getroude lewe is hulle steeds baie gelukkig.

"Ek moes hom fisieke kontak leer," vertel Nedine. "Hy het maar gesukkel om liefde te wys. Bertie het 'n stewige muur om hom gebou gehad toe ons ontmoet het."

Inderdaad, beaam Bertie. En Nedine het hom nie net dít geleer nie. "Sy het my ook my verhouding met die Here help regmaak.

"Toe ek met haar getrou het, het ek die gewoonte gehad om elke middag en aand saam met kollegas 'n hele paar drankies te gaan drink. Die binding van alkohol op my lewe moes gebreek word."

"Ek het baie gebid, suster," val Nedine hom goedig in die rede.

"Nedine het my ook geleer om nie 'n leuen te leef nie, en om weer my gesinswaardes te begin uitleef. Ek loop deesdae maklik vroeg by die werk om tyd saam met my gesin deur te bring. Ek het by haar geleer dat 'n mens self ook jou skaal van geluk pak."

Oë toeknyp en spring!

Eintlik, lag Nedine, het Amor haar in 'n briefie gevra om met Bertie te trou. Bertie onthou ook die middag toe Nedine en die negejarige Amor mekaar die eerste keer ontmoet het.

"Sy kon seker sien Nedine maak my gelukkig."

Ons blaai deur hul trou-album. Nedine is byna onherkenbaar met haar lang, krullerige bruin hare. Vanwaar die transformasie?

"Ná Adriaan se geboorte het my lang bos krulle weens hormoonskommelings begin uitval. Ek het toe besluit om dit kort af te sny sodat dit lekker gesond kon uitgroei.

"Kort hierna het 'n haarkapper-vriendin gebel en gevra of ek haar model sal wees vir 'n internasionale haarkompetisie. Maar daar was 'n vangplek – my hare sou helder-oranje gekleur moes word. Ek het geskrik en dadelik vir Blomma gebel. Sy antwoord was: *Go for it*!"

En hoe beland iemand uit 'n regsberoep in die vermaaklikheidsbedryf?

"Ek het haar onder die stort hoor sing – jy kan nie glo hoe suiwer haar stem is nie. Sy het soos Sarah Brightman geklink," spog Bertie.

Hy het summier besluit dat Nedine – wat opera-opleiding het – sangeres moes word.

Hy het 'n restaurant-teater in Pretoria vir twee aande bespreek, en self die kaartjies aan kollegas en vriende verkoop.

Toe kon sy natuurlik nie kop uittrek nie, al het Nedine gesê sy is veels te skaam om voor 'n gehoor op te tree.

Kort hierna het haar lewe 'n onverwagse kinkel gekry: Sy het 'n werk in die regsafdeling van 'n bankgroep gekry, en met 'n kollega gebots oor die ydellike gebruik van die Here se Naam.

"Een oggend is ek toe ingeroep en aangesê om my godsdiens by die huis te los of te bedank."

Toe sy Bertie se raad vra, was die besluit vir hom voor die hand liggend: Bedank, en begin voltyds sing.

"Ek het geweet die Here sal my beslis seën vir my besluit, en ek het net daar bedank en my lessenaar skoongemaak."

Sedertdien het Nedine nog nie weer voltyds as regsgeleerde gewerk nie. In 2003 het sy haar amptelike buiging op die 2003 KKNK gemaak, en vandag het sy reeds drie albums op haar kerfstok.

In 2006 is sy gekies as Mev. Verenigde Nasies SA, 'n titel waarmee sy gewoeker het ten bate van heelparty liefdadigheidsprojekte.

Behalwe vir 'n besige toerprogram en optredes by skole om *Supercool* (haar jongste DVD en CD vir kinders) te bemark, is sy ook deesdae die aanbieder van *In pas*, 'n geestelike program op kykNet.

"As ek voor vyfduisend mense kan sing, kan ek tog seker met 'n kamera gesels!"

Maar TV-werk bly 'n "massiewe uitdaging". Daar is nie 'n monitor wat teks wys nie. "Ek moet alle teks uit my kop leer. Ons skiet vier episodes op 'n slag. Dit hou die brein nogal fiks, hoor!

"Ná elke episode staan ek verstom oor al die stories van hoop. Ons kry ook briewe van kykers met hul getuienisse oor wat die program vir hulle beteken. Dit is spesiaal en maak al daardie teks leer oor en oor die moeite werd.

"Ek het altyd 'n lewensfilosofie dat ek elke dag minstens aan een mens se lewe 'n verskil wil maak. Die program gee my net nog meer idees oor hoe om dit te doen."

Gereelde luisteraars van Radiokansel ken Nedine ook as die aanbieder van die kinderprogram *Dina in Blommeland*.

En moenie dink dit hou hier op nie: Sy hoop ook om êrens vanjaar 'n gospel-album op te neem. En iewers vorentoe hoop sy vir 'n rol in 'n musiekblyspel – haar hart klop klassiek.

Blink geskaaf

Is sy enigsins spyt oor die jare wat sy aan regstudies afgestaan het?

"Glad nie. Ek glo ek moes dit doen om vir Bertie te kon ontmoet."

Hulle weet statisties gesproke is 'n tweede huwelik se kans op mislukking enorm. Maar hulle is ewe vasbeslote dat dit nie met hul huwelik gaan gebeur nie.

"Daarom het ek in 'n stadium daarop aangedring dat Bertie homself losmaak van die bagasie van sy verlede en van die skuldgevoelens wat hy met hom saamgedra het."

Sy beskou Bertie as meer as net haar man. "Hy is ook my mentor, en het my al ontsettend baie geleer. Ek eer hom daarvoor."

Hy het haar geleer om meer selfgeldend te wees. "Ek is 'n *people pleaser*, en ek kon glad nie verwerping hanteer nie."

Bertie bestuur ook haar loopbaan, en doen die klank by haar vertonings. "Hy ken my en my emosies, en kan die gehoor uitstekend lees. Soms sien hy dis nodig dat ons van die program afwyk, dan hoef ek net sy oog te vang om te weet ons moet dinge nou bietjie verander.

"Voorheen in verhoudings het ek geen genade gehad vir 'n man se tekortkominge nie. Bertie het my getem, en my geduld geleer."

En hy het haar deursettingsvermoë geleer. Baie kere wou sy al handdoek ingooi met die singery, erken die energieke rooikop.

"Dan sê ek vir Bertie ek is nou kláár. Dan sê hy vir my: 'Nee, nou begin ons eers!' " ■

■ *Vir navrae oor Nedine se inspirerende vroue-oggende vir 2009, stuur 'n e-pos na nedine@nedineblom.co.za, of kliek op www.nedineblom.co.za*



Klere Pienk balrok met kraledetail van Hip Hop